

2 November

Matteus 5:1-12

Godskind - Vredekind

Min Skrifwoorde toets en ondersoek ons soos dié bergrede s'n, naamlik "Geseënd is die vredemakers". 'n Mens besef dat ook hierdie saligspreking van Jesus nie sommer maar deur die natuurlike mens waar gemaak word nie. Alleen 'n nuwe mens in Jesus Christus kan só lewe.

Vrede is baie meer as 'n woord in die Bybel. Vrede is eintlik die Bybel self. Bybelse vrede is ten diepste vrede met God. Die lewende God is die Vredemaker omdat Hy weet dat mense sonder vrede mense sonder God is. Wie daarom nie aan God deur Jesus Christus behoort nie, het nie vrede nie en kan nie 'n vredemaker wees nie. Vredemakers is mense wat onvoorwaardelik in Jesus Christus glo. Mense wat juis nie alles ter wille van die liewe vrede duld nie, moet nie noodwendig alles doen om moeilikheid te vermy nie. Om oorlog te vermy bring nie as sodanig vrede nie. Die vredemaker is soms ook vegter ter wille van God se eer. Die vredeswaard van die Woord te swaai - Matt 10:34; die swaard wat mense se lewens oopvlek. So voer u die stryd teen die sonde én sê u vir uself en ander mense: Vrede en geluk vind jy alleen in 'n oorwinning oor die sonde en in versoening met God. 'n Vredestigter is verkondiger van die boodskap van versoening. Om Jesus Christus te verkondig is om vrede te bevorder. Om mense te bring tot die verlossingskennis in Christus, is die grootste vredeshandeling wat u kan verrig.

En so word u kind van God genoem. U word as kind van God erken deur God self. Kind van u Vader omdat u doen soos Jesus Christus u leer. Kind van die God van vrede.

Geseënd is die vredemakers. Gelukkig is u. Vredemaker - gaan in vrede, lewe in vrede totdat die Here kom.

Sing: Psalm 128:1, 4

Ds. P.H. Heystek (Pretoria-Montanapoort)